



Centre for Biblical Interpretation and Translation in Africa

Department of Ancient Studies and
Department of Old and New
Testament
University of Stellenbosch
Private Bag X1
Matieland 7602 South Africa
cvidm@sun.ac.za
tel. 021 808 3268
fax 021 808 3251
website: www.cebita.org

Annual Report: 1 Jan - 31 Dec 2010

1. Introduction: Focal points in the light of the Centre's aims

In 2010 the activities in the Centre – over and above those devoted to its normal research projects, which will be dealt with later in the report – focused especially on the following:

- The next translation of the Bible into Afrikaans;
- Implementation of a postdoctoral fellowship;
- Strengthening UBS links.

The Mission Statement and Aims of the Centre that direct these activities may be read on: http://www.cebita.org/About_Profile.htm.

2. Staff

The Centre has no permanent staff members.

Management Committee:

In 2010 Prof. CHJ van der Merwe was responsible for the Bible Translation component, Prof. LC Jonker for the Biblical Interpretation component and Prof. J Punt for the Communication and Engagement component. Prof. CHJ van der Merwe will act as the Director of the Centre for the period 2010-2011.

Prof. HL Bosman acted as chairperson of the Management Committee, with Professors LC Jonker, AEJ Mouton, N Koopman and J Punt as representatives of the Faculty of Theology, and Professors AE Feinauer, MW Visser, JC Thom, CHJ van der Merwe and LG de Stadler as representatives of the Faculty of Arts and Social Sciences. Ds Ephraim Baloyi represented the Bible Society of South Africa and Mr H Raubenheimer the private sector.

Collaborators:

Staff members of the Departments of Ancient Studies and of the Old and New Testament who are engaged in related research serve as collaborators in the Centre, as do Professors Extraordinary etc. who are associated with these Departments. Dr Charlene van der Walt, who holds the postdoctoral fellowship attached to CEBITA, also serves as a collaborator.

3. Current Academic Projects

The following projects were ongoing during 2010. These projects are launched and managed by the departments/individuals concerned, but at the same time operate

under the “umbrella” of the Centre. Not one of the projects was specifically initiated as a CEBITA project.

BIBLE TRANSLATION

- A Biblical Hebrew semantic dictionary (CHJ vd Merwe)
- A hypertext Bible for translators and exegetes (CHJ vd Merwe)
- Teaching Biblical Hebrew (CHJ vd Merwe)
- Biblical translation as intercultural communication: a theoretical and practical reflection (CHJ vd Merwe)
- Translation and ownership of the Bible in Africa (J Punt)

BIBLICAL INTERPRETATION

- The reinterpretation of the Book of Exodus in Africa (HL Bosman)
- The interpretation of the Bible in Africa (HL Bosman)
- Prophetism in the Old Testament and in Africa (HL Bosman)
- Fundamentalism and religious conservatism (HL Bosman)
- Old Testament theological perspectives on land in the midst of poverty and wealth (HL Bosman)
- A theological exposition of the Decalogue on the basis of African Proverbs (HL Bosman)
- “From multiculturalism to interculturalism: The case of Biblical hermeneutics”: Intercultural reading of the Bible (LC Jonker)
- Commentary on Chronicles (LC Jonker)
- "Reforming history": The relation between historiography and identity formation in the Second Temple Period (LC Jonker)
- The postcolonial Bible in Africa (J Punt)
- Religion, sacred scriptures and identity (J Punt)
- Biblical hermeneutics and the Pauline letters (J Punt)
- An interpretation of the Sermon on the Mount (Matthew 5-7) in its literary and topological contexts (JC Thom)
- Memory in search of dignity: Exploring the transformative potential of New Testament texts (in Africa), with special reference to God-language and human dignity (E Mouton)

COMMUNICATION AND APPROPRIATION

- The New Testament and cultural studies (J Punt)
- The Bible between the academy and faith communities: an exploratory study of points of contact between academic and non-academic engagement with the Bible (C van der Walt)

Additional information on these academic projects is available on <http://www.cebita.org/Projects.htm>.

4. Research Output: Papers Delivered

Summary

Members of the Centre delivered a total of 12 (OT/NT = 11 and Ancient Studies = 1) papers at South African conferences, while 14 (OT/NT = 10 and Ancient Studies = 4) papers were presented at international subject conferences.

Full information on the papers delivered by members of the Centre during 2010 is available on: http://www.cebita.org/Research_Papers.htm.

5. Research Output: Publications

Summary

Members of the Centre produced the following publications (Key: *: accredited; #: non-accredited; SA: South African publications; Int: international publications):

Andrason 4* (of which 3SA and 1Int)
Bosman: 1* + 1# (of which 1SA, 1Int)
Jonker: 4* + 2# (of which 2 SA, 4Int)
Punt: 14* + 1# (of which 6SA, 9Int)
Van der Merwe: 1*, 1# (of which 1SA en 1Int)
Wendland: 3# (of which 3Int)

In total 24 accredited and 8 non-accredited publications appeared in 2010. Of these, 13 appeared in South African publications and 19 in international publications.

Full information on the academic publications of members of the Centre during 2010 is available on: http://www.cebita.org/Research_Publications.htm.

6. Research Output: Doctoral Dissertations

Summary

There were 31 current doctoral projects during the year under review, 15 at the Department of Ancient Studies and 16 at the Department of Old and New Testament (2 with co-promoters at Ancient Studies).

A total of 5 doctoral candidates obtained their doctorates in 2009, 1 from Ancient Studies and 4 from Old and New Testament.

Full information on the doctoral students (including the titles of their research projects) is available on: http://www.cebita.org/Research_Dissertations.htm.

7. New Afrikaans Bible Translation

The Centre is still involved, through its individual members, on a continuous basis with the new Afrikaans Bible Translation project of the Bible Society of South Africa (BSA). Christo van der Merwe not only serves on the executive and management committees of this project, but he is also involved (along with Hendrik Bosman, Louis Jonker, Jeremy Punt, Elna Mouton, Johan Thom and other colleagues in the participating academic departments) as an exegete and/or specialist in the source languages.

The editorial committee, on which Prof. Christo van der Merwe also serves, became fully functional in 2010. This committee has two related main tasks. Firstly, it must check whether the translation teams are complying with the translation commission, and secondly, it must ensure that expressions in the source text are translated consistently by all the translation teams. In 2010 Jonah, Haggai and Gen 1-19 were completed during a four-day session. Three such sessions are planned for 2011.

8. Service Point for translators and exegetes

The Executive Committee decided to make the Service Point part of the postdoctoral project. At this stage it seems that the Service Point will not necessarily be a useful instrument for empirical data collection for the postdoctoral project, and will thus not be activated again at this point. But it will be retained as a possible space for the future dissemination of the results of the project. This could possibly generate traffic. If it then still seems not to be a viable instrument, it will be abolished.

9. United Bible Societies (UBS) and the Centre

Arrangements have been finalised to present BH 178 as Short Course 2882 (see <http://admin.sun.ac.za/KKS/SHORTCOURSES/ShowCourse.aspx>) in Nairobi in cooperation with the UBS's African translation division. This will take place 10 Jan-4 Feb and 30 May-24 June 2011 at the Carmelite Retreat in Karen outside Nairobi. Seventeen students from across Africa have registered (5 from Uganda, 3 from Malawi, 2 from Sudan, 2 from Botswana, 1 each from Benin, Burkina Faso, Congo, Namibia and Togo).

10. Centre's Publication Series

Sales of the publication series are still sluggish.

11. Postdoctoral Fellowship

Charlene van der Walt reports:

The transition from congregational service in Grahamstown to a full-time academic position at Stellenbosch was initially complex and particularly challenging, but at the same time wonderfully satisfying and enriching. I am still grateful every day for the opportunity to be engaged full time in a creative academic environment. After initial discussions on the nature of the project and the expectations of the various role players, I developed an exploratory theoretical framework for the project that would underpin the empirical investigation. With the theoretical framework in place, I spent most of last year on the development of a qualitative data-collection instrument, which could capture significant data from the various research populations and that would make possible a simultaneous process of data analysis. A two-part qualitative process was developed in this way consisting of creative interactive exercises done in groups supplemented with individual questionnaires. The process was tested in a mini-pilot project at the end of last year and the results of the exercise applied to the further development of the data-collection instrument. I am currently processing the information on the academic underpinning of the project and the course of the pilot project with a view to publishing two articles.

Over November-January 2010/11 I wrote three articles based on my dissertation. The first one, entitled 'Close encounters: Creating a safe space for intercultural Bible reading', has also been accepted as a paper for the International Congress of Qualitative Inquiry, to be held in Urbana-Champaign, Illinois in May. The second article, 'Hearing Tamar's voice. How the margin hears differently. Contextual readings of 2 Samuel 13:1-22' has been accepted for presentation at the international meeting of the SBL in London in July. The third article, 'Power games. Using Foucault to shed light on the inherent power dynamics of Intercultural Bible study groups. Discussion of a qualitative research project' has just been completed. I plan to submit all three

articles for publication.

In addition to attending the two above-mentioned conferences, I plan to focus on data collection for the CEBITA project for the rest of the year. The response from people I have approached for the empirical component of the study has been overwhelmingly positive and I am looking forward enormously to proceeding with the data-collection process.

Finally, a few words of thanks. The postdoc office at the Faculty of Theology was finally completed in the last week or so and makes a wonderful space available to me. I am extremely grateful for this and wish to thank all those who made it possible. Secondly, the University's Hope Project has granted me travelling costs for the empirical study, which enables the gathering of data. I am also especially grateful for the contribution made by CEBITA towards my travelling costs to the ICQI in the USA, as well as the supplementary funds from the research fund of the Department of Old and New Testament.


I look back with gratitude over the year's academic work and hope that the year ahead will be an enriching one.

12. Finances

The Centre's short-term finances are sound. The details appear in the financial statement for 2010.

13. Acknowledgements

The Centre wishes to thank the Management Committee and the Executive Committee for their support.



.....
Prof. HL Bosman
Chair: Management Committee

.....
Date



Prof. CHJ van der Merwe
Director

14 April 2011
Date



Sentrum vir
Bybelinterpretasie
en vertaling in
Afrika

Departement Antieke Studie en
Departement Ou en Nuwe Testament
Universiteit van Stellenbosch
Privaatsak X1
Matieland 7602 Suid-Afrika
lcj@sun.ac.za
tel. 021 8083268
faks 021 8083251
webwerf: www.cebita.org

Jaarverslag: 1 Jan - 31 Des 2010

1. Inleiding: Fokuspunte in die lig van Sentrumdoelstellings

Die Sentrum se aktiwiteite het – bo en behalwe die normale navorsingsaktiwiteite waarvoor later verslag gedoen word - in 2010 veral gefokus op die volgende sake:

- Die volgende vertaling van die Bybel in Afrikaans;
- Implementering van 'n postdoktorale genootskap;
- Versterking van UBS-bande

Die Missie en Doelstellings van die Sentrum wat bg. aktiwiteite gerig het, kan gelees word op: http://www.cebita.org/About_Profile.htm.

2. Personeel

Die Sentrum het geen vaste personeellede nie.

Beheer Komitee:

Prof. CHJ van der Merwe was in 2010 verantwoordelik vir die Bybelvertaal-, prof. LC Jonker vir die Bybelinterpretasie- en prof. J Punt vir die Kommunikasie en toe-eieningfokus. Prof. CHJ van der Merwe tree vir die periode 2010-2011 op as direkteur.

Prof. HL Bosman, het as voorsitter van die beheer komitee opgetree, met proff. LC Jonker, AEJ Mouton, N Koopman en J Punt as verteenwoordigers van die Fakulteit Teologie, en proff. AE Feinauer, MW Visser, JC Thom, CHJ van der Merwe en LG de Stadler as verteenwoordigers van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe. Ds. Ephraim Baloyi het die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en mnr. H Raubenheimer die privaatsektor verteenwoordig.

Medewerkers:

Personeellede van die Departement Antieke Studie en Ou & Nuwe Testament wat met verwante navorsing besig is, dien as medewerkers in die Sentrum, sowel as buitengewone professore ens. wat met hierdie twee departemente geassosieer word. Dr Charlene van der Walt, die postdoktorale genoot verbonde aan SEBIVA, dien ook as medewerker.

3. Lopende Akademiese Projekte

Die volgende projekte was lopend tydens 2010. Hierdie projekte word geloods en bestuur deur die betrokke individu/departement, maar funksioneer tegelykertyd onder die "sambreel" van die Sentrum. Geeneen van die projekte is pertinent as Sentrum-projekte geïnisieer nie.

BYBELVERTALING

- 'n Bybels-Hebreeuse Semantiese Woordeboek (CHJ vd Merwe)
- 'n Hiperteks-bybel vir vertalers en eksegete (CHJ vd Merwe)
- Die onderrig van Bybelse Hebreeus (CHJ vd Merwe)
- Bybelvertaling as interkulturele kommunikasie: 'n teoretiese en praktiese besinning (CHJ vd Merwe)
- Vertaling en eienaarskap van die Bybel in Afrika (J Punt)

BYBELINTERPRETASIE

- Die herinterpretasie van die Boek Eksodus in Afrika (HL Bosman)
- Die interpretasie van die Bybel in Afrika (HL Bosman)
- Profetisme in die Ou Testament en in Afrika (HL Bosman)
- Fundamentalisme en religieuse konserwatisme (HL Bosman)
- Ou-Testamentiese teologiese perspektiewe op land te midde van armoede en rykdom (HL Bosman)
- Die teologiese ontsluiting van die dekalog aan die hand van spreekwoorde in Afrika (HL Bosman)
- "From multiculturalism to interculturalism: The case of Biblical hermeneutics": Interkulturele lees van die Bybel (LC Jonker)
- Kronieke-kommentaar (LC Jonker)
- "Reforming history": Die verhouding tussen historiografie en identiteitsvorming in die Tweede Tempelperiode (LC Jonker)
- Die postkoloniale Bybel in Afrika (J Punt)
- Religie, heilige geskrifte en identiteit (J Punt)
- Bybelse hermeneutiek en die Pauliniese briewe (J Punt)
- 'n Interpretasie van die Bergrede (Matteus 5-7) in sy literêre en topologiese kontekste (JC Thom)
- Memory in search of dignity: Exploring the transformative potential of New Testament texts (in Africa), with special reference to God-language and human dignity (E Mouton)

KOMMUNIKASIE EN TOE-EIENING

- Die Nuwe Testament en Kulturele Studies (J Punt)
- Die Bybel tussen akademie en geloofsgemeenskappe: 'n Verkennende studie van die raakvlakke tussen akademiese en nie-akademiese omgang met die Bybel (C van der Walt)

Verdere inligting oor hierdie akademiese projekte is by die webskakel

<http://www.cebita.org/Projects.htm> beskikbaar.

4. Navorsingsuitsette: Referate gelewer

Opsomming

Sentrumlede het in totaal 12 (OT/NT = 11 en Antieke Studie =1) referate by Suid-Afrikaanse konferensies gelewer, terwyl 14 (OT/NT = 10 en Antieke Studie 4) referate by internasionale vakkongresse gelewer is.

Volledige inligting oor die referate wat gedurende 2010 deur sentrumlede gelewer is, kan verkry word by die webskakel: http://www.cebita.org/Research_Papers.htm.

5. Navorsingsuitsette: Publikasies

Opsomming

Die volgende publikasie-uitsette is deur sentrumlede gelewer (Sleutel: *: geakkrediteer; #: nie-geakkrediteer; SA: Suid-Afrikaanse publikasies; Int: Internasionale publikasies):

Andrason 4* (waarvan 3SA en 1Int)
Bosman: 1* + 1# (waarvan 1SA, 1Int)
Jonker: 4* + 2# (waarvan 2 SA, 4Int)
Punt: 14* + 1# (waarvan 6SA, 9Int)
Van der Merwe: 1*, 1# (waarvan 1SA en 1Int)
Wendland: 3# (waarvan 3Int)

In totaal is daar dus 24 geakkrediteerde, en 8 nie-geakkrediteerde publikasies in 2010 gepubliseer. Daarvan was 13 in Suid-Afrikaanse publikasies en 19 in internasionale werke.

Volledige inligting oor die akademiese publikasies wat gedurende 2010 deur sentrumlede gepubliseer is, kan verkry word by die webskakel:

http://www.cebita.org/Research_Publications.htm.

6. Navorsingsuitsette: Doktorale proefskrifte

Opsomming

Daar was altesaam 31 lopende doktorale projekte gedurende die verslagjaar, waarvan 15 by Dept. Antieke Studie gedoen word en 16 by Ou & Nuwe Testament (2 met gedeelde promotors met Antieke Studie).

Altesaam 5 doktorale kandidate het gedurende 2010 hul doktorsgrade verwerf, waarvan 1 by Antieke Studie en 4 by Ou & Nuwe Testament.

Volledige inligting oor doktorale studente (tesame met die titels van hul navorsing), kan verkry word by die webskakel: http://www.cebita.org/Research_Dissertations.htm.

7. Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling

Die Sentrum is steeds deur haar individuele lede op voortgaande basis betrokke by die nuwe Afrikaanse Bybelvertalingsprojek van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA). Christo van der Merwe dien nie net op die uitvoerende komitee en dagbestuur van hierdie projek nie, maar hy is ook (tesame met Hendrik Bosman, Louis Jonker, Jeremy Punt, Elna Mouton, Johan Thom, en ander kollegas in die deelnemende akademiese departemente) betrokke as eksegete en/of brontaalkenners.

Die redaksionele komitee waarvan Prof. Christo van der Merwe ook deel is, het in 2010 volstoom begin funksioneer. Die komitee het twee hooftake wat met mekaar verband hou: Eerstens moet gekontroleer word of vertaalspanne by die vertaalopdrag gehou het, en, tweedens, moet verseker word dat uitdrukkings in die brontekste

konsekwent deur al die vertaalspanne vertaal is. In 2010 is Jona, Haggai en Gen 1-19 tydens 'n sessie van vier dae voltooi, Vir 2011 word 3 sulke sessies beplan.

8. Dienspunt vir vertalers en eksegete

Die Dagbestuur het besluit om die Dienspunt deel te maak van die postdoktorale projek. Op hierdie stadium blyk dit dat die Dienspunt nie noodwendig 'n nuttige instrument gaan wees mbt die empiriese data-insameling van die postdoktorale projek nie, en dus nie nou weer geaktiveer word nie. Dit word egter behou as 'n moontlike ruimte waar disseminasie van die resultate van die projek sal kan plaasvind. Dit sou uiteindelik moontlike verkeer kon genereer. Indien dit dan steeds blyk nie 'n volhoubare instrument te wees nie, sal daarvan afgestap word.

9. Wêreldbond van Bybelgenootskappe (United Bible Societies) en die Sentrum

Reëlings vir aanbied van BH 178 as Kortkursus 2882 (Sien <http://admin.sun.ac.za/KKS/SHORTCOURSES/ShowCourse.aspx>) in Nairobi met die UBS se Afrika-vertaalafdeling is gefinaliseer. Dit vind plaas van 10 Jan-4 Febr en 30 Mei-24 Junie 2011 by die Carmelite Retreat in Karen buite Nairobi. 17 studente regoor Afrika (5 uit Uganda, 3 uit Malawi, 2 uit Sudan, 2 uit Botswana, 1 uit Benin, Bukina Faso, Kongo, Namibië en Togo) het geregistreer.

10. Sentrum se publikasiereeks

Die verkope van die publikasiereeks verloop nog steeds traag.

11. Postdoktorale genootskap

Charlene van der Walt doen verslag:

Die oorgang vanaf die gemeente bediening op Grahamstad na 'n voltydse akademiese posisie op Stellenbosch was aanvanklik kompleks en besonder uitdagend maar tog tegelyk wonderlik bevrydend en verrykend. Ek is steeds daaglik dankbaar vir die geleentheid om voltyds besig te wees in 'n kreatiewe akademiese omgewing. Na aanvanklike gesprekke oor die aard van die projek en die verwagtings van verskillende rolspelers het ek 'n verkennende teoretiese raamwerk vir die projek ontwikkel wat as onderbou dien vir die empiriese ondersoek. Met die teoretiese raamwerk in plek het ek die grootste deel van verlede jaar spandeer aan die ontwikkeling van 'n kwalitatiewe data insamelings instrument wat sinvolle data vanuit die verskillende navorsingspopulasies sou opvang en wat 'n gelyktydige proses van data-analise sou moontlik maak. 'n Tweeledige kwalitatiewe proses is sodoende ontwikkel wat bestaan uit kreatiewe interaktiewe oefeninge wat in groepsverband gedoen word en wat dan aangevul word deur 'n individuele vraelys. Die proses is getoets in 'n mini-loodsprojek aan die einde van verlede jaar en die resultate van die oefening is aangewend in die verdere ontwikkeling van die data insamelings instrument. Ek is tans besig om die inligting van die akademiese onderbou van die projek en die verloop van die loodsprojek te verwerk in twee artikels met die oog op publikasie.

Oor die November-Januarie perode van 2010/11 het ek drie artikels vanuit my proefskryf geskryf. Die eerste getitel 'Close encounters: Creating a safe space for intercultural Bible reading' is ook aanvaar as 'n referaat by The International Congress of Qualitative Inquiry, wat in Mei plaasvind in Urbana-Champaign, Illinois. Die tweede artikel 'Hearing Tamar's voice. How the margin hears differently. Contextual readings

of 2 Samuel 13:1-22' is aanvaar vir aanbidding by die internasionale vergadering van die SBL in Londen wat in Julie vanjaar plaasvind. Die derde artikel: 'Power games. Using Foucault to shed light on the inherent power dynamics of Intercultural Bible study groups. Discussion of a qualitative research project' is pas voltooi. Ek beplan om al drie artikels voor te lê vir publikasie.

Benewens die bywoning van die twee bo genoemde konferensies beplan ek om my die res van die jaar op data insameling vir die SEBIVA projek toe te spits. Die respons van persone wat ek genader het met die oog op die empiriese komponent van die studie was oorweldigend positief en ek sien baie uit na die reis wat die data insamelings proses inhou.

Ten slotte net 'n woord van dank. Die Post-dok kantoor by die Fakulteit Teologie is in die laaste week of wat finaal ingerig en dit is 'n wonderlike spasie. Ek is baie dankbaar vir die ruimte wat daar op die manier vir my geskep is en ek wil graag my dank kan betuig aan almal wat dit moontlik gemaak het. Ten tweede, is reisgeld aan my bewillig vir die empiriese studie vanuit die Universiteit se Hoop projek fondse en dit maak die insameling van die data moontlik. Ek is ook besonder dankbaar vir die bydrae tot my reiskoste na die ICQI in die VSA wat SEBIVA maak en die aanvullende fondse vanuit die navorsingsfonds van die Departement Ou en Nuwe Testament.


Ek kyk met dankbaarheid terug oor 'n jaar se akademiese praktyk en hoop dat die jaar wat voorlê ryk ervarings gaan inhou.

12. Finansies

Die Sentrum se korttermyn-finansies is gesond. Die besonderhede is in die finansiële verslag vir 2010 opgeneem.

13. Bedankings

Die Sentrum wil graag die Beheerkomitee en Dagbestuur bedank vir hulle ondersteuning.



..... 15 April 2011
Prof. HL Bosman Datum
Voorsitter: Beheerkomitee



14 April 2011
Prof. CHJ van der Merwe Datum
Direkteur